Die Rasstandaard (Bylae A)

Enige ernstige afwykings en/of kombinasie van afwykings van die rasstandaard wat die hond se gesondheid en/of funksionaliteit nadelig sal beïnvloed, is onaanvaarbaar en sal die hond op grond van die senior keurder se oordeel diskwalifiseer.

Temperament en karaktereienskappe

Die Boerboel is hanteerbaar, betroubaar, gehoorsaam en intelligent met ’n sterk beskermingsdrang. Die Boerboel is selfversekerd en vreesloos. Onbeheerste aggressiewe en bang Boerboele is onaanvaarbaar.

Algemene voorkoms

Die Boerboel is ’n groot hond. Die Boerboel het prominente en ’n goed ontwikkelde spierstelsel oor die hele liggaam met ’n veerkragtige beweging – ’n indrukwekkende en ontsaglike toonbeeld van krag.

Reuns vertoon manlik en tewe vroulik.

- Die ideale hoogte vir ’n reun is 66cm. Reuns laer as 60cm is onaanvaarbaar.
- Die ideale hoogte vir ’n teef is 61cm. Tewe laer as 55cm is onaanvaarbaar.

Belangrike liggaamsverhoudings

Die Boerboel is ’n perfek gebalanseerde hond met alle liggaamsdele in verhouding.

Die kop is groot en tipies Boerboel.

- Dit is kort, breed, diep, blokkig en gespierd en het goed gevulde wange.

Die plato is breed en plat met prominente bespiering.

Die gesig smelt geleidelik met die kop saam en mag met of sonder ’n swart masker wees.

- Die stop is duidelik sigbaar, maar nie prominent nie.
  Dit is goed tussen die oë gevul.
- Die snoet is swart (alleenlik) met groot en wyd gespasieerde neusvleuels.
- Die neusbeen is reguit en parallel met die lyn van die skedeldak.
  Die neusbeen is diep, breed en vernou effens sydelings na voor.
  Die neusbeen is tussen 8 en 10 cm lank en in verhouding tot die kop.
- Die bolip is los en vlesig en hang nie by die onderkaak verby nie.
  Die bolip (onder die snoet) bedek die onderlip.
- Die onderlip is nie te los en vlesig nie en die spoegbakke is toe.
- Die kake is sterk, diep, breed en vernou effens sydelings na voor.
- Die tande is wit, goed ontwikkel, korrek gespasieer en voltallig, met ’n duidelike skêrgebit.
  ’n Sigbaar oormatige onder- of oorbyt is onaanvaarbaar.
- Die oë se kleur is enige skakering van bruin.
  Die oë is op dieselfde horisontale vlak geset.
  Die oë is wyd gespasieer.
- Die ooglede is stewig en goed gepigmenteer en sonder enige strukturele afwykings.
- Die oorflappe is middelmatig groot, ooglopend V-vormig en in verhouding tot die kop.

Die oorflappe hang teen die kop en is taamlik hoog en wyd geset. Wanneer die hond geïnteresseerd is, moet die bokant van die oorflappe ’n reguit lyn met die plato vorm.
Die onderpunt van die oorflap is in lyn met die gebit.

Die nek vorm ’n merkbare spierboog met ’n hoë aanhegting by die skouers.

- Die nek is middelmatig lank en in verhouding tot die res van die hond.
  Die nek vorm ’n eenheid met die kop en skouers.
  Dit is kragtig en gespierd met ’n stewige aanhegting by die kop. Hierdie aanhegting verbreed geleidelik tot by die skoueraanhegting.
- Die los keelvel loop in onder die keel en is glad tussen die voorbene.
- Tewe vertoon meer vroulik as gevolg van soepel bespiering.

Die voorlyf is sterk en gespierd.

- Die skouers is goed aangeheg, met goeie bespiering en behoeking.
- Die bors is sterk en gespierd.
  Die bors is breed en diep tussen die voorbene geplaas.
- Die bo-arms is goed gespierd.
- Die elmboë is parallel met die lyf.
- Die voorbene is dik, sterk en goed gespierd en in ’n perfekte vertikale posisie soos van voor en vanaf die kant gesien.
- Die voorkote is kort, dik en sterk en in verhouding tot die lengte van die voorbene.
  Die voorkote is ’n vertikale verlenging van die voorbene soos vanaf die kant en van voor gesien.
- Die voorpote is groot, goed gekussing en balvormig met sterk, gekromde swart toonnaels.
  Die voorpote trap reguit vorentoe.

Die middelstuk

- Die lyf van die Boerboel vernou effens by die lende.
- Die toplyn is reguit sonder enige versteurings.
- Die rug is reguit en breed met prominente rugspiere.
- Die lende is kort en sterk.
- Die ribbekas is goed gesprong en gevul agter die blaaie.

Die agterlyf is sterk, stewig en gespierd; in verhouding tot die res van die hond en met die vermoë tot effektiewe aandrywing.

- Die kruis is breed, sterk en goed gespierd en sak effens soos vanaf die kant gesien.
- Die stert is hoog geset.
  Dit is reguit en verkieslik kort (drie litte).
  Lang sterte is toelaatbaar.
- Die boonste dye is breed, diep, goed gevorm en gespierd soos vanaf agter en die kant gesien.
- Die laer dye is goed ontwikkel met prominente bespiering.
- Die kniegewrigte is sterk en stewig met korrekte behoeking soos vanaf die kant gesien.
- Die hakgewrigte is sterk en stewig.
- Reguit agterbene is onaanvaarbaar.
- Die agterste kote is relatief kort, sterk, dik en parallel met mekaar soos van agter gesien.
  Van die kant af gesien, is die agterste kote vertikaal.
  Die voorkant van die agterste kote is in lyn met die agterkant van die boud.

- Bytone mag verwyder word.
- Die agterpote is effens kleiner as die voorpote.
  Hulle is goed gekussing, goed gevorm en trap reguit vorentoe.
- Die toonnaels is sterk, gekrom en swart.

Die vel is dik, los en goed gepigmenteer met matige plooie op die voorkop wanneer die hond geïnteresseerd is.

Die pels is kort en glad, met ’n digte haarbedekking oor die hele hond. Die erkende kleure is alle skakerings van geel, bruin of briekwa.

Pigmentasie

Die Boerboel is goed gepigmenteer – veral op die lippe; verhemelte; die vel en hare om die oë; voetkussings; toonnaels; die anus en die vel en hare om die geslagsdele.

Algemene gesondheid

Die Boerboel se algemene gesondheid voldoen aan ’n hoë standaard.

Die voortplantingsorgane is goed ontwikkel.

- Reuns het twee goed ontwikkelde testikels in die skrotum.
- Tewe het minstens 8 tepels.
- Die vulva is ferm.

Beweging

- Die Boerboel se beweging is gemaklik, vloeiend, kragtig en doelgerig met goeie aandrywing deur die agterlyf en parallelle beweging van die bene.
- Tydens beweging is die reguit toplyn vas.